



# 3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek



## saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

**B.I.D.** staan vir:

**B:** Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

**I:** Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

**D:** Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

**LEWENS-LEUSE:** Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

<sup>23</sup>"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

## Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Op grond van ooreenkomste in taalgebruik en styl het geleerdes tot die slafsom gekom dat die samesteller van die boek Rigters, asook die skrywers van die boeke van Josua 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings en die boek Deuteronomium, almal deel uitgemaak het van dieselfde groep denkers en dat al hierdie boeke onder een groot noeme saamgegroepeer kan word, nl. die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die Rigters-boek het sy finale beslag gekry lank ná die rigtertyd, in die tyd van die ballingskap of net daarna (587-398 v.C.). Die samesteller probeer verklaar hoe dit gebeur het dat die volk in die grootste krisis van hulle tyd – die ballingskap – beland het. In Rigters 1:1-3:6 kyk hierdie geskiedskrywer om hom wat in die land aan die gang is. Hy probeer sin maak van die gebeure van sy tyd en herbedink die geskiedenis. Dit beskryf die lewe van die Israëliete in die land Kanaän na die dood van hulle leier Josua. Een van die redes waarom die Israëliete nie die beloofde land kon inneem nie was die gevorderde wapentuig en tegnologie waaroor die inwoners van die land beskik het. Israel is godsdienstig op 'n afdraende pad omdat hulle God telkens vergeet het. Lees nou

## Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. In die storiewêreld van die Bybel is al die karakters amper altyd mans. Tog is dit verfrissend om in Rigters 4-5 van twee vroue te lees wat die heldinne in die verhaal is. Kan julle vir mekaar vertel van gebeure waar die Here "onverwagse en onwaarskynlike kandidate" gebruik het om sy plan te voltrek?

2. Israel draai weer 'n keer hulle rug op God en word hulle oorgegee aan koning Jabin en sy vengeneer, Sisera, die onoorwinbare met sy 900 ysterstrydwaens

## saam gesels

gesofistikeerde wapentuig wat al vir 20 jaar die Israëliete met die grootste wreedheid onderdruk het. Watter uitweg kies die volk van God toe andermaal? Wat sou julle gedoen het as julle in hulle skoene was? Leer nood ons bid? En is dit die toewyding wat God verwag? Of moet hierdie gebeure vir ons meer oor God as oor Israel iets vertel?

- Barak word deur Debora aangewys om die vyand die stryd aan te sê, wetende wat die vermoëns van sy medekrygers is en die gedugte teenstanders waarmee hulle te kampe het. Analyseer Debora se woorde aan Barak in 4:6-7 en ook 5:21 en formuleer die profetes se raad aan 'n bewende Barak. Het julle as volgelinge van Jesus vanuit 'n onverwagse oord hulp en raad ontvang?
- Debora het 'n "presence" gehad. Haar blote teenwoordigheid bied aan Barak die motivering om soldate bymekaar te maak vir die oorlog. Kan julle aan mense dink wat vir julle die teenwoordigheid van God so beliggaam dat dit by julle vertroue en moed inboesem?
- Lees 4:15-16 waar die oorwinning beskryf word en hoe Sisera te voet vlug sonder sy strydwa is hy vluggende hulpelose. God hou sy woord. Lees die res van die storie.

## Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om geloofsvriendskappe te ontwikkel.** "The Creator arranged things so that we need each other". Hierdie gewoonte wil ons die waarde van vriendskappe ontdek wat ons aanmoedig en uitdaag om God met ons hele hart, verstand en al ons kragte lief te hê. Lees hieroor: Spr. 17:17; 27:17; Joh. 15:15; Rom. 15:7.

### Doen-dinge:

- Maak 'n inventaris van vriende wat jou lewe op een of ander wyse beïnvloed het. Watter soort vriende maak jy en wat leer dit jou van jouself?
- Maak 'n tabel van eienskappe wat jy graag in 'n geloofsvriend wil hê. Maak ook lys van wat jysel tot hierdie soort vriendskap sal kan bydra.
- Daar bestaan nie volmaakte vriende nie. Maak 'n lys van jou eie tekortkominge en dink na oor hoe dit ander mense raak.

### Dink-dinge:

- Dink daaroor na dat God jou sy vriend noem.
- Watter soort vriend is jy vir God?
- Met wie kan jy oor jou geloofsreis saam met God gesels? Wat sal dit vir jou kan beteken om so 'n sielsgenoot te hê?
- Vir wie kan jy in tye van krisisse ondersteun? Wat sal jy doen?

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontaan saam-glo groep is. Dit kan egter ook uit meer as drie mense bestaan, soos 'n familie of vriende of kollegas of mense in 'n

## 1 GESREK